Reëls/*Rules*:

1. Diere moet almal TB en BM vry getoets wees, nie langer as 90 dae voor veiling nie. / *Animals must all be tested negative for TB and CA, not longer than 90 days before the auction.*
2. Bulle moet almal vir vrugbaarheid, Trigomoniase en Vibriose getoets word binne 90 dae van veilingsdatum. / *Bulls must all be fertility tested and negative tested for Vibrioses and Trichomoniasis within 90 days of auction date.*
3. Alle diere wat aangebied word se Vaderskap moet met DNA bevestig word. Beide Vaar en Moer verifikasie word egter aanbeveel. / *For all entries the animal's sire's must, be verified by DNA. However, both Sire and Dam verification is encouraged.*
4. Bulle: Slegs geregistreerde SP-bulle, 30 maande (op dag van veiling) of ouer sal toegelaat word. / *Bulls: Only registered SP bulls, 30 months (on the day of sale) or older will be permitted.*
5. Vroulike diere: Slegs geregistreerde, SP-vroulike dragtige diere of met kalf nie ouer as 9 maande op die dag van die veiling sal toegelaat word. / *Females: Only registered SP-females, pregnant or with calf not older than 9 months on the day of the auction will be permitted*.
6. Diere wat produksie norme oorskry, of diere waarvoor besluite op Boran Genootskap Raadsvergaderings goedgekeur is om die spesifieke diere se produksie norm oorskryding te aanvaar, mag nie aangebied word op veilings onder die beskerming van die Boran Genootskap nie. / *Animals that exceed production norms or animals where decisions have been taken at Boran Society Council meetings to condone the exceeding of production norms, are not allowed to be offered for sale at auctions under the auspices of the Boran Society.*
7. Spoelrekords sertifikate van vroulike diere moet inskrywings vergesel om in katalogus te verskyn. / *Flushing records certificates of female animals must accompany entries to appear in catalogue.*
8. 'n Inskrywingsfooi van R700 per lot word gehef om die advertensiekoste te dek. 'n Fooi van R300 is van toepassing op embrios en semen wat per lot (van dieselfde dier) aangebied word. / *There is an entry fee of R700 per lot in order to cover advertising costs. The fee of R300 for embryos and semen per lot (of the same animal) that is on offer.*
9. Geen veranderings word toegelaat na afloop van die sluitingsdatum vir inskrywings. / *No changes are allowed after the closing date for entries.*
10. Alle diere moet vry van bosluise, eksterne parasiete en veilingsgereed wees. / *All animals must be free of ticks, external parasites and should be in a saleable condition.*
11. Verkopers wat na afloop van die veiling diere, wat op die veiling aangebied was (dws deur die ring gegaan het), privaat verkoop, sal aanspreeklik wees vir ALLE kommissie soos uiteengesit in die betrokke veilingsooreenkoms. / *At the conclusion of the Sale, any buyers who wish to privately sell animals which had been offered in the ring, will be held liable for all commission as set out in the conditions of sale.*
12. Verkoop van embrio's/semen: Ova-skenkers/KI-bulle moet deur die Genootskap goedgekeur wees en deur die owerheid geregistreer wees. Embrio-spoelings en semen kolleksie moet onder kwarantyn by 'n geregistreerde sentrum deur 'n geregistreerde persoon uitgevoer word. Stawende dokumentasie soos uitgereik deur die betrokke owerheid (soos vervat in Veeverbetering Wet no.62 van 1998, klousule 11) en kwarentyn sentrum moet inskrywing vergesel minstens 28 dae voor die veiling. Kommissie sal ook op semen en embrio verkope gehef word. / *Sale of embryos/semen: Ova donors/AI bulls must be approved by the Society and registered with the authorities. Embryo flushing's and semen collection must undergo quarantine at a registered centre carried out by a registered person. Supporting documentation as issued by the relevant authority (as stated in Livestock Improvement Act No 62 of 1998, clause 11) and quarantine centre, must accompany the entry at least 28 days prior to the sale. Commission will also be levied on semen and embryo sales*
13. Lotorde bepalings word gebaseer op die gemiddelde prys per lotte verkoop per verkoper behaal op die vorige Boran Nasionale veiling. Verkopers wat nie verlede jaar diere aangebied het nie, vul die eerste 5 lot posisies met gelukkige trekking. / *Lot order is based on the average price per lot sold per seller on the previous year's National Boran Auction. Sellers that did not offer animals at last year's sale will fill the first 5 lot positions by means of lucky draw.*
14. Die veilings katalogus se lot orde sal gehandhaaf word tydens die veiling. Geen lotte mag rondskuif nie. / *Sale order will follow the lot sequence as per catalogue and no amendments will be made on the day of the sale.*